



REËLS VIR DIE SAFARI DEN GROEPERINGSKIETKOMPETISIE (2014)

Deelname aan hierdie kompetisie sal plaasvind volgens die gewere, ammunisie en toerusting soos hieronder beskryf.

TYE

Die kompetisie vind plaas van **07h00 tot 15h00 op die bepaalde skietdag**. Die organiseerders behou die reg voor om die geadverteerde tye van die kompetisie na goeëdunke te verander. Die prysuitdeling begin om **18h00 of nadat uitslae gefinaliseer is by die baan**.

KOSTE

Standaard sagtepunt-ammunisie:

- N\$150.00 ingesluit drie (3) groeperingsteikens en twaalf (12) rondtes. (4x per teiken)
- N\$50 per addisionele teiken.
-

Hoër kwaliteit ammunisie van Sellior & Bellot: PTS, SBT & Match:

- N\$210.00 ingesluit drie (3) groeperingsteikens en twaalf (12) rondtes. (4x per teiken)
- N\$ 70.00 per addisionele teiken.

PUNTEBEREKENING

- Slegs die beste drie groeperings sal gebruik word om die eindresultaat te bepaal. Die eindresultaat word bereken as die gemiddeld van die drie (3) groeperings. Die 3 groeperings moet met dieselfde wapen en kaliber geskiet word ten tye van die kompetisie.

DIE GROEPERING

- Die groepering word in 'n sittende posisie vanaf 'n skietbank oor 'n afstand van 100 meter geskiet na teikens en met ammunisie wat Agra Safari Den verskaf.
- Skuts ontvang elk vier rondtes en mag een vir opwarming gebruik, maar dit mag nie die teiken tref nie. Die ander drie koeëls word vir die groepering op enige plek op die teiken

gebruik, binne die teikenraamwerk. Dit is nie verpligtend vir deelnemers om die vierde rondte te gebruik nie.

- Die groepering word bepaal deur die afstand te meet vanaf die middel van die twee skote wat die verste uitmekaar is.
- Daar mag slegs drie skote op die deelnemer se Agra Safari Den-teiken wees; minder as drie skote op die teiken sal die deelnemer diskwalifiseer.
- Indien daar meer as drie skote op die teiken is, en een skoot is ooglopend van 'n ander kaliber as die deelnemer se eie geweer, sal hy/sy nie noodwendig gediskwalifiseer word nie.
- Indien die vierde skoot van dieselfde kaliber is, sal die baanoffisier sy diskresie gebruik. **DIE BAANOFFISIER SE BESLISSING IS FINAAL.**

KWALIFISERING VIR DIE *SAFARI DEN TOP SHOT OF THE YEAR* KOMPETISIE

- Alle skuts wat tydens die geskeduleerde Agra Safari Den kompetisies 'n groepering kleiner as 18mm geskiet het, kwalifiseer vir die TOP SHOT 2014 finale.
- Die TOP SHOT finale vind plaas op 8 November 2014 te Okahandja Skietbaan.

GEWERE EN TELESKOPE

SKUTS MOET MET EIE GEWERE DEELNEEM - GEEN LEEN-GEWERE SAL BESKIKBAAR WEES VAN SAFARI DEN NIE.

Slegs bona fide jaggewere in die aangehegde spesifikasies mag gebruik word.

- 'n Bona-fide jaggeweer is 'n produksiegeweer met 'n magasyn wat gereedelik by handelaars beskikbaar is en wat hoofsaaklik vir jagdoeleindes gebruik word. Geen nabestelling-vervaardigde ("custom built") gewere (Planke) nie.
- "Bench rest" gewere waarvan die lope vervang is met ekstra-swaar lope mag nie vir hierdie kompetisie gebruik word nie.
- Geweerlope moet die gewone produksie-tipe wees en mag nie 'n deursnee van meer as 22mm by die loop se punt oorskry nie.
- Daar mag geen toevoegings bv. trompreme tot die loop wees nie.
- Die loop se lengte mag nie langer wees as 661mm (26 duim) nie. Die lengte van die loop word gemeet deur 'n skoonmaakstok in die loop te plaas met die geweer se slot toe. Die stok word tot teen die voorkant van die slot gedruk en gemerk waar dit by die loop se punt uitkom. Die stok word dan van die een punt tot by die merk gemeet om die lengte van die loop te bepaal.
- Teleskope met 'n maksimumvergroting van 12X mag gebruik word. Teleskope wat hierdie vergroting oorskry moet op 12X ingestel en verseël word tydens die kompetisie.
- Slegs skiettafels, sandsakke en standers wat op die dag van die kompetisie verskaf word, mag gebruik word. Skuts se self-verskafde en gemonteerde tweepote sal nie toegelaat word. Geen driebeen of klampreste word toegelaat nie.

TEIKENS

- Daar is geen beperking op die aantal teikens wat skuts kan koop nie.

AMMUNISIE

Geen ander ammunisie behalwe die PMP en Sellier & Bellot soos verskaf deur Safari Den mag gebruik word nie.

AFLOSGROEPE

Skuts sal ingedeel word in aflosgroepe. 'n Maksimum van 10 skuts mag 'n aflosgroep vorm. Skuts mag in meer as eenkaliberkategorie deelneem. Skuts moet hulle posisies by die afvuurpunt inneem waar baanoffisiere gemerkte ammunisie aan skuts sal uitreik en weer die gemerkte koeëldoppies na afloop van die kompetisie sal kollekteer.

PRYSE

Indien 'n deelnemer nie teenwoordig is by die prysuitdeling nie, sal hy/sy die prys verbeur. 'n Prys mag nie aan 'n ander deelnemer oorgedra word nie.

'n Deelnemer kan kwalifiseer vir eerste, tweede en derde prys per kategorie indien sy/haar groepering in daardie spesifieke kategorie onder die beste drie groeperings is. Slegs die beste groepering **per kategorie** sal vir 'n prys in aanmerking kom.

WENNERS:

Kategorieë as volg:

Ope: 1ste, 2de & 3de prys

BAANKOMITEE

Die Baankomitee bestaan uit lede soos ooreengekom op die dag. Die komitee se beslissings is finaal. Die komitee sal onder andere besluite neem oor die toelaatbaarheid van gewere, die verseëling van teleskope en enige ander omstrede kwessies.

VEILIGHEID

STRENG VEILIGHEIDSMATREËLS SAL DEURGAANS DEUR DIE BAANOFFISIER TOEGEPAS WORD

Baie dankie en alles van die beste aan almal.

NAVRAE

Meer inligting oor die kompetisie en tegniese vrae oor gewere en ammunisie is beskikbaar by die volgende personeel van Safari Den.

André van Eck

Bestuurder: Safari Den

andreve@agra.com.na

of

Alex Hatzenburg

alexh@agra.com.na

061-290 9377